



## TOULEIER

### Moslems se abaja plaas die mistiek terug in Eva



Ek sing vanoggend lekker saam met die liedjie op RSG "Ek is lief vir die wêreld, ek is lief vir die wind" terwyl ek hier vanuit die skiereiland van Katar skryf.

Omdat so baie lesers aandui dat hulle maar min weet van hierdie deel van die wêreld, brei ek so bietjie uit. Ons is redelik diep in die noordelike halfrond geleë, en dus is dit winter hier. Vyfuur al donker. Dit was gister reeds 'n koel 27 grade en kan maklik daal tot so laag soos sestien!

Klink nou nie juis koud nie, maar die klomp Filistyne hier begin al trui aantrek. 'n Mens moet darem ook net onthou die klomp het 'n somer agter die rug wat gereeld net duskant die 50 grade gedraai het. Bedompig! Durban in die somer se alie!

So is als maar relatief. Soos die kleredrag van die Katariese vrouens. Moet my nie verkeerd verstaan nie, Katar is een van die meer verwesterde lande hier rondom die Persiese golf. Vroue mag selfs bestuur!

Daar bly egter steeds baie beperkinge op hul eie mense, en dis vir moeilikheid soek vir buitelanders om te kaalgat aan te trek. Die Katariese vroue wat so 'n bietjie meer gewaagd wil aantrek, sal byvoorbeeld die abaja verruil vir 'n ontwerpersjean, maar steeds sal die moue lank wees en die hare versteek word, goed toegedraai word onder 'n swart sjiffon kopdoek.

Van swart gepraat, die abajas - dis nou daai lang swart gewade wat die vrouens dra wat net twee skrefies het waardeur hulle loer - kom darem in drie skakerings van swart: Swart, swarter en swartste.

Party het nie eens skietskrefies nie. Al wat 'n mens kan sien, is so nou en dan 'n tekkie of sandaal wat onder die sleep uittoer soos hulle verbysweef. Ek wonder soms of dié vroue sonder die skrefies nie so nou en dan in 'n paal vasloop nie. Seker dié dat hulle meestal in groepe (mini harems?) rondbeweeg.

Blindes wat deur minder blindes gelei word.

Maar, soos my suster Nina wat in Saoedie Arabië werk, getuig, is daar darem baie voordele ook aan die abaja. Sy gaan party dae somer in haar pajamas werk. Hoe gaan hulle weet? As dit nou rêrig warm word, sweef jy somer kaalgat onder die swart laken rond.

Jy hoef ook nie soveel tyd te spandeer met die haardroeër nie. Lipstiffie en blos is ook nie nodig nie. Dan is daar natuurlik nog een, na my mening die belangrikste voordeel: Die wegsteek van die geit. 'n Mens sal moet bok-bok speel om uit te vind hoeveel rondings het die lyf. Molligheid is goed versteek. Moet net nie dan, soos die een nou die dag daar in die winkel, voor mense buk nie, dan bult daai boude maar weer sterk deur! Geen wonder hulle kla nooit. Ja nee, baie meer voordele as nadele.

Soos die vrou se tweede naam nou maar is, word die *vanity* honderd persent aangewend aan die grimering van die oë. Moet sê, hulle het die pragtigste oë. Nou weet ek nie of mens hulle so lank in die oë mag kyk nie, dan kyk ek maar grond toe. Party het nogal mooi skoene ook aan . . .

Het ons nie 'n fout gemaak om die mense wat agteruit loop as hulle dans, te veel vryheid te gee nie? Mooi om te bekyk in 'n bikini, maar dan word 'n mens dit gewoond. Hier is dit asof die mistiek weer terug is in Eva se mondering, laat sy 'n mens weer wonder . . .

Tyd dat ons weer daardie nasie bietjie begin vasvat!

Julle moet lekker Krismis, en baie Nuwe Spoed vir die Voorjaar!

**Hennie Greeff**

Doha, Katar



# ROELFIE SLAAT RAAK

## ❖ UNISA word toevlugsoord

UNISA - daai eens trotste instelling van hoër onderwys - het nou skynbaar 'n toevlugsoord geword vir mislukte oudpolitici, soos daai afgedankte en weggejaagde Haïtiese president Aristide en ons eie Tafelenbedjie.

Daar kom glo eersdaags 'n Thabo Mbeki-skool vir Leierskap, met die hoofvakke Zimbabwe, die ondersteuning van al die wêreld se muishondlande, vigsontkenning, die toesmeer van korrupsie en wapentransaksies.

Daar sal glo ook 'n meestersklas wees in die identifisering van hopelose ministers vir jou kabinet, met spesiale verwysing na miesies Mango Tsjokolade-Piesang.

► **Miesies Piesang self sal sekerlik eersdaags 'n kursus in noodhulp met knoffel, beet en patats aanbied.**

## ❖ Ander soort liefdadigheid

En die soustrein stoom voort!

Ekhoerenlênie metropolisie se adjunkhoof - Charity Zulu - is aangestel sonder die vereiste MPB-diploma. Die voorwaarde was dat sy die kursus binne 'n jaar moes verwerf, maar daar het niks van gekom nie.

Intussen werk sy ook nie vir *charity* nie, want die salaris is meer as R310 000 per jaar, en dan moet die ritse toelaes seker nog bygetel word.

Dis ook nie vreemd om te hoor dat verskeie beamptes kla dat sy onbevoeg is nie, en dat sy deur die geskorste waarnemende polisiehoof aangestel is nie.

► **Hoe gaan jy misdaad beveg as die mag self korrup en onbevoeg is?**

## ❖ Nog 'n simpel regulasie

KYK, as daar nou een ding is waarvoor daar in die Nuwe Suid-Afrika hope tyd is, is dit om simpel wette en regulasies uit te dink. Soos die departement van vervoer, wat nou allerlei beletsels op die registrasie en eienaarskap van voertuie met 'n linkerhandstuur wil plaas.

Die AA sê sulke voertuie hou geen gevaar in nie. Wat die AA nie sê nie (maar seker ook dink) is dat dit baie beter sal wees om die aandag toe te spits op onpadwaardige, oorlaaide en ongelisensieerde voertuie en karre sonder ligte en nommerplate en mense wat op selfone praat en bestuur.

► **Party van hulle het glad nie stuurwiele nie en gebruik 'n bobbejaan-spanner in die plek van 'n stuurwiel.**

## ❖ 180° ommekeer in die polisie



TONY YENGBENZI - wat so lojaal deur die comrades afgesien is vir vir sy ligte, luuksie tronkstraffie oorlat hy vir die volkiesraad gelieg het oor sy luukse motor - is ná maande se gesloer onskuldig bevind aan dronkbestuur.

Nie oorlat hy onskuldig is nie, maar omdat die polisie volgens die regter 'n absolute gemors van die saak gemaak het. Soos hulle van goed 80% van alle sake maak.

Op dieselfde dag lees Roelfie hoe die divisionele kommissaris van polisie gesê het: "As lede van die SAPD kan ons trots wees dat ons 'n volle omkeer van 180° gemaak het wat betref veranderinge in die land."

► **Klink reg, die stukkie van 180° - van goeie wet en orde tot geen wet en orde.**

## ❖ Afrika-tyd haal regering in

LYK vir Roelfie daar is min wat die African National Corruption reg kan doen. Afrika-tyd het die ANC weer ingehaal toe daar vir die tussenverkiesings in Wes-Slaapland geregistreer moet word, en toe mis 12 van sy kandidate die bus.

Betoë tot die Verkiesingskommissie was vrugteloos, en die hof had ook geen simpatie vir die ANC nie. Toe ry hulle maar met luidsprekers in die strate rond en sê vir die mense die verkiesing is afgestel . . .

► **En op daardie noot sê Roelfie betyds Geseënd en Voorspoed vir almal.**

# Allegaartjie



## Kersvader se takbokke is toe al die tyd **almal** vroulik

VOLGENS Alaska se departement wild en visserye groei manlike en vroulike takbokke horings in die somer.

Takbokkramme verloor hul horings aan die begin van die winter, gewoonlik laat November tot middel Desember.

Derhalwe - volgens elke lieue voorstelling van Kersvader en sy takbokspan - is hulle almal vroulik. Rudolph, Donner, Blitzen en die hele lot is dus ooie.


Wat eintlik vanselfsprekend is.

Slegs vroue is in staat om 'n ou vetgat man in 'n rooi pak in een nag rondom te wêreld te sleep sonder om te verdwaal.

### Nuwe kaartjereeks beskikbaar by **CARDIES**

**Só lyk die buitekant en die binnekant**

<b>Jy het GELOOF in my lewe gebring</b>	Ek het vroeër nooit in die hel geglo nie	<b>Geluk met die nuwe baba!</b>	Het jy al uitgevind wie die pa is?	<b>Ek voel so mislik sonder jou</b>	Dis amper asof jy by my is
<b>Geluk met jou troudag!</b>	Net jammer ons hou nie van jou man nie	<b>Ons is al so lank vriende</b>	Kan ons nou maar 'n einde daaraan maak?	<b>Baie geluk met jou promosie</b>	Haal net die mes uit my rug uit - jy kry dit dalk weer nodig



## Weerwraak

**Die skool het 'n middagete vir senior burgers gehou, waar 'n bejaarde dame 'n radio gewen het. Sy skryf toe 'n bedankingsbriefie:**

*Liewe Skoolhoof*

*Die Here seën jou vir die radio wat ek gewen het. Al my familie is al dood, ek is 84 en bly in Huis Sonstraal.*

*My kameraat is 92 en het lankal haar eie radio. Sy gebruik 'n oorfoon en sy wou nooit hê dat ek na haar radio luister nie, selfs nie as sy slaap nie. Net verlede week het haar radio van die kas afgeval en in stukkie gebreek. Sy was in trane. Sy vra my toe of sy na myne kan luister, toe sê ek vir haar sy moet fokof.*

*Baie dankie dat julle vir my die geleentheid geskep het.*

*Hoogagtend*

*Susara*

**Ek probeer die lewe een dag op 'n slag vat, maar soms bespring 'n hele paar my tegelyk.**



# Dié week se giggels

**DIE NARE OUDERDOM**



Dit is regtig skrikaanjaend as jy dieselfde geluide as jou koffieperkoleerder begin maak.

## SENILITEITSGEBED

Gee my die seniliteit om die mense te vergeet van wie ek nooit gehou het nie; die geluk om dié raak te loop van wie ek hou; en die sig om die verskil uit te ken.

My geheue is ook nie meer so goed as wat dit was nie. En my geheue is ook nie meer so goed soos wat dit was nie.

## BESTE VAN 104

Die verslaggewer het 'n onderhoud gevoer met 'n vrou van 104.  
"En wat dink u is die beste ding as jy 104 jaar oud is?"  
Haar antwoord was eenvoudig:  
"Daar is geen groepdruk nie."

As jy seniel is, kan jy self jou Paaseiers wegsteek.

## DANKIE TOG!

Sjoe, ek het oud geword!  
Ek het twee hartomleidings gehad, 'n heupvervanging en nuwe knieë.  
Ek het prostaatkranker en suikersiekte beveg.  
Ek is half blind, en kan niks sagter as 'n vliegtuigenjin hoor nie.  
Ek dink 40 verskillende pille, wat my dronk en vol winde maak en my breinfloutes gee.  
Ek kry aanvalle van swaksinnigheid, en het nog skaars gevoel in my hande en voete.  
Ek is nie seker of ek 85 of 92 is nie.  
Ek het geen enkele vriend meer oor nie.  
Maar dank die vader ek het nog my rybewys.

## NIE DIT WERD NIE

Die begrafnisondernemer gaan net voor die diens met die erg bejaarde weduwee praat.

"Hoe oud was u man?"

"98 - twee jaar ouer as ek."

"U is dus 96 jaar oud?"

"Ja. Skaars die moeite werd om huis toe te gaan, nè."

## KORTETJIES

Die beste manier om plooi te beveg, is om genoeg te eet sodat hulle toeswel.

Deesdae staan daar op die helfte van die goed in my winkelrolle: "Vir vinnige verligting."

Ek dink jy is nou veronderstel om hierdie grappies met 5 of 6 of 10 ander mense te deel. Ag, stuur dit sommer vir 'n klomp van jou vriende as jy kan onthou wie hulle is.

En onthou dit:

Jy hou nie op met lag omdat jy oud word nie - jy word oud omdat jy opgehou het om te lag!

## ANDY CAPP deur Smythe





# Duskantlanders in Anderkantland

## Die voorreg van Krismis in Moslem Doha

Deur HENNIE GREEFF

**"Jy vier Kersdag nugter. Jy gee jou eie Bybel vir iemand wat nie een het nie."**

Krismis in die ooste. Let wel die Midde-Ooste, nie die Verre Ooste waar die Wyse Manne vandaan gekom het nie.

Doha is sowat 1 700 kilometer suidoos van Betlehem waar dit als gebeur het. Innie woestyn. Kon net sowel op die maan gewees het as 'n mens daar buit soek vir die gees en stemming van die feesseisoen.

Sonder om nou te swartgallig te raak, is dit juis hier waar 'n mens duidelik kan sien hoe goedkoop kommersieel Kersfees en die viering daarvan geword het. In hotelle en afdelingswinkels word uitspattig versierde Kersbome en stringe blink goetertjies en flikkerende liggies uitgestal. Spotgoedkoop, amper net so goedkoop soos Kersfees.

Op die oppervlakte en amptelik word alle gelowe toegelaat hier in Katar. Daar is egter gerugte van deportasie van mense wat te gereeld bymekaar kom vir kerk. Jy mag ook nie evangelisasiewerk en sendingwerk doen nie.

Elke persoon mag slegs een Bybel vir eie gebruik inbring. Dit vir sover dit met die oogopslag gaan.

As jy egter mooi kyk, sien jy tog die tekens.

### Die strate is vol "Wyse Manne"

Daar is kamele. Bybelse diere. Watter Kerskaartjie het nie 'n kameel op nie?

Die Wyse Manne het sulke gewade gedra soos 'n mens daaglik hier op straat sien.

Ek het al menige Kersfees in Anderkantland gevier en kan onomwonde getuig dat 'n mens dit hier met meer waardering vier. Jy is bly jy mag. Jy besef hoe kosbaar familie is.

Hoewel jy verlang, is daar 'n hegte band wat vorm. Jy soek jou vriende op, jy maak moeite.

Jy vier Kersdag nugter. Jy gee jou eie Bybel vir iemand wat nie een het nie.



**In Doha se strate gaan die lewe normaalweg voort - dis eers wanneer jy die winkelsentrums en hotels betree dat jy sien die kommersiële sy van Kersfees word ook hier "gevier".**

Ons beplan om saam met 'n paar ander gesinne Vrydagaand, die 25ste, ná werk, by een van ons se huise saam te trek.

Elkeen gaan bydra tot die Kersefees. Ons gaan sing en gesellig wees. Hier in die binnekamers van Doha, in die middel van Islam.

Wat 'n voorreg!

Die man kom eendag tuis, waar sy vrou hom in 'n baie seksie nagrokkie inwag.

"Maak my vas," sê sy, "dan kan jy enigiets met my doen!"

Toe maak hy haar vas en gaan speel gholff.



# NAME

Wil jy ook meer oor byname vertel? Skryf aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)

Ek is bietjie versigtig om oor mense te praat wat nog lewe, skryf **André Conradie**, maar jy vra dan nou waar Oom Alkant se naam vandaan kom. Dit wil my voorkom asof dit nogal 'n algemene gebruik was om mense wat baie lelik was die bynaam van Alkant - "Gatkant" te gee, want ek het dit ook later op Kakamas teëgekrom.

Die storie word verder vertel dat die mense met die bynaam "alkant" by geboorte so lelik was dat die ma die baba moes knyp sodat hy huil om te kon weet watter kant om kos te gee.

Oom Gert het vir baie mense name gegee - soms tot sy eie verleentheid. Buurman Chris Boshoff het eenkeer vir hom 'n kalf gegee wat hy "Chris Boshoff" genoem het. Een van plaaswerkers wat nuut was en nie vir Chris geken het nie, het eendag voor Chris die kalf so geroep, tot groot verleentheid van Oom Gert.

Daar was 'n ander man wat so 'n snaakse koddige spitsbaardjie gehad wat Oompie Gert die naam "Besembekkie" gegee het.

**Suna Stirk** vertel die volgende bynaam-stories:

Destyds, 1977/8 het ons 'n onnie vir wetenskap gehad met net sulke ore. Jy ken mos?

Nou ja, eendag gaan daar so 'n fluistering deur die klas en al wat die boodskappie kry begin giggel, meisies en seuns. Jy weet mos, dis soos in die kerk, as jy eers begin is daar nie keer nie. Toe die fluister by my aankom, toe snork ek van die lag sommer so kliphard.

Ongelukkig vir my, draai die onnie om en wil toe weet waaroor die geraas gaan. Wat doen en nou? Lieg ek vir hom en vertel hom 'n ander storie of praat ek maar die waarheid. Toe se ek vir hom: "Meneer, die klas se meneer se nuwe naam is H2O."

Hy lyk toe ewe verras en skud toe maar net sy kop. Julle kan nou seker raai waarvoor die H2O staan. Helse Twee Ore!

Suna sê die baie Suid-Afrikaners in Kiwiland het 'n lekker manier gevind om van ander kollegas by die werk te skinder, sonder om uitgevang te word: "Ons gebruik byname, soos **Slangogies** (as sy met jou praat wieg daai ogies so van kant tot kant, laat jou aan 'n slang dink. Dan is hulle nog so blink en pikswart ook, **Betaaldatum** (vrou wat altyd tekere gaan oor die afsluitingsdatum), **Pik-kewyn** (bogenoemde se kollega, sy waggel soos een), **Meerkat** (herinner ons aan 'n meerkat, veral as sy sywaarts draai met haar skerppuntneus en vinnige bewegings) en **Sersant-majoor** (blaf bevele uit dat die spoeg spat! Marsjeer fliks links, regs, links, regs teekamer toe nadat sy bevele uitgedeel het. Sit dan rustig en eet 'n stuk koek saam met die tee, hoëhakkies uitgetrek en voor haar op die vloer."

**Johan Kriek** se storie het by ons redakteur 'n klokkie gelui. Johan skryf:

My pa se een neef het jare gelede studeer aan die UOVS (ek dink daardie tyd was dit nog Grey Universiteitskollege).

Die neef was 'n lang man en het die gepaste bynaam van Ketting gekry. Sy jonger broer het later na dieselfde universiteit gegaan. Hy was 'n kort mannetjie en het die baie gepaste bynaam van Skakel gekry.

Oom Skakel Kriek was 'n baie bekende man in die joernalistiek. Hy was onder meer redakteur van die Landbouweekblad. Hy was ook verbonde aan die *Volksblad* en *Die Burger*. Hy het diep spore in die joernalistiek getrap. Hy is enkele jare gelede oorlede.

► **Nou wil onse redakteur** - die man wat Kammanuus in sy vorms giet en die taal versorg - ook 'n eiertjie lê. Hy skryf:

"Oom Skakel was 'n instelling in die joernalistiek, en my paaie het in die 1970's as jong man by *Die Burger* met hom gekruis. In al die jare het ek nooit vir hom gevra waar hy aan sy bynaam kom nie. Nou weet ek! Oom Skakel het ses jaar voor sy dood as 93-jarige nog die koerant se 'Persoonlik'-rubriek behartig. Weet Johan dalk wat sy doopname was?"

**Talita Nel** vertel haar man (Johan) se bynaam is Rieme.

"Dit kom van sy grens-dae af. Uit wat ek kan aflei, het die swartes hom iets soos Stiera genoem, wat beteken het 'ronde, omgekrapte klein mannetjie'. Die wittes het hom Rieme genoem, want, het hulle gesê, hy is Rambo se klein boetie, daarom die naam Rieme.



# MAKERIEPAS

## Prostitute by die ton

Deur Corinus du Toit

"Aanvanklik is die geluid nogal verwarrend,  
want dit klink komplete nes 'n skare by 'n rugbyveld,  
maar net op 'n ietwat hoër toonhoogte."

Januarie 1976 begin die groot uittoeg uit Angola. Waar ek by Veggroep Orange as 'n artillerie Voorste Observasie Offisier (VOO) diens doen, is dit heel prettig.

Soos wat UNITA terugtrek, stel hulle padversperrings op. Gewoonlik is dit twee 44 gelling konkas in die middel van die pad met 'n wag en 'n horde "soldate" rondom – almal geklee in 'n verskeidenheid kledingstukke, waarvan sommige selfs vaagweg met 'n bietjie verbeelding sou kon deurgaans as uniform.

Sodra die RSA-troepe verby is, word die padversperring opgebreek en met 'n verskeidenheid voertuie - van BMW's tot die regte Portugese groente-lorries - by ons verbygejaag sodat daar asseblief net nie niks tussen hulle en wie ookal in aantog is, moet wees nie.

Die terugtog duur tot by die laaste padblokkade verby, en so hasie-oor hulle met 'n paar kilometer tussen padblokkades – soms tot vyf binne 'n paar kilometer van mekaar.

So besluit een voortvarende padversperringbevelvoerder om 'n troep kanonne te daag. Vir die doel laat hy 'n arme UNITA troep bo-op elke konkastelling inneem en toe die konvooi aankom, waai hulle vervaard. Van stilhou is daar natuurlik nie sprake nie.

Die troepbevelvoerder se Landrover pas mooi tussen die twee konkas deur. So ook die eerste Magirus kanontrekker, maar net-net. 'n 140mm kanon se wiele is egter bietjie breër as sy sleepvoertuig. Teen 80 km per uur neem die kanon beide konkas onder die wagte uit. Die arme drommels maak so 'n lui bolmakiesie en tref die grond dat die stof so staan.

Ek weet nie of daar radioverbindinge tussen die padversperrings was nie, maar toe ons die volgende een nader, is hulle naarsstiglik besig om die dkonkas verder uitmekaar te skuif.

'n Klomp pantserkarre dek die agterhoede, want geen terugtrekkende mag laat sy agterstewe oop vir iemand om hom daar te byt nie. So sit ek as VOO saam met die pantserkarre goed 40 km agter die terugtrekkende troepe. Die voertuie is mooi tussen die bosse ingetrek en gekamoefleer. Dis so stil dat jou ore behoorlik suis.

Dan, in die verte, raak iets hoorbaar. Aanvanklik is die geluid nogal verwarrend, want dit klink komplete nes 'n skare by 'n rugbyveld, maar net op 'n ietwat hoër toonhoogte.

Ná goed 'n kwartier kom 'n reuse wipbak-vragmotor in sig – 'n veertigtonner – en dis gepak met vrouens wat lawaai en baklei en tekere gaan sodat die gedreun van die enjin totaal daardeur verswelg word. Hulle staan so styf ingepak dat 'n sardyntjie in sy blikkie skoon verdwaal sal voel in al die spasie wat hy beskikbaar het.

Amper verby die pantserkarre, toe sien die drywer ons raak, hou net daar stil en kom oorgestap. In Fanagalo, met hier en daar 'n Portugese woord ingegooi, wil hy terstonds besigheid gesels. Uit die gebare en op- en aanmerkings van die volgepakte vragmotor af is dit duidelik dat die vrouens sy poging met belangstelling volg.

Spoedig raak dit duidelik. Die vragmotor se inhoud is die gewese inwoners van die vorige dorp se bordeel wat as deel van UNITA se logistieke stert na veiliger hawens afgevoer word – en hulle lyk heel gretig om net daar vir die Boertjies van diens te wees.

Veertig ton jillende gillende bakleiende prostitute bymekaar was genoeg om my my lewe lank daarna op die smal en reguit paadjie te hou!



## Brood vir die Blik

### Anna se saadbroomjie

20 ml bruinsuiker

1 liter warm water

10 ml kits droëgis

910 g volkoringmeel

150 ml sonneblomsaad

15 ml sesamsaad

15 ml sout

Voorverhit die oond tot 200 °C. Los suiker in warm water op. Strooi gis bo-oor en laat staan sowat 5 minute lank op 'n warm plek. Meng res van die bestanddele en voeg vloeistof by om deeg te verkry. Skep in gesmeerdie broodpan en bak sowat 50 minute of tot gaar.

**Hierdie resep kom uit een van Anna Eksteen se groot reeks**

**e-kookboeke.** Gaan besigtig hulle met die volgende skakel:

[www.onsdorp.com/kookpunt.html](http://www.onsdorp.com/kookpunt.html) Ook 'n ideale en bekostigbare geskenk!



## STAMBOOM

### Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* [www.onsdorp.com/stamboom](http://www.onsdorp.com/stamboom) Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

**Hier is die besonderhede van die jongste familiespeurders:**

#### Breytenbach

[nicholeens@yahoo.com](mailto:nicholeens@yahoo.com)

Johanna Catharina Cornelia Jacoba, gebore 18 November 1931, oorlede 24 Junie 2008. Getroud met Nicholas Schultatus Havenga Venter in 1950. As familie belangstel, kontak my asseblief. Johanna se name kom van die Johanna van der Merwe-wa in die Voortrekkermonument. Ander familie was Hendrik, Jan Breytenbach. Dan ook name soos Jan Roux van der Merwe. Niggies en neefs van Johanna kan kontak. Baie dankie. Ek het familienamers soos Phillip, Magriet, Christien, Isak.

#### Crouse

[Crousec@lantic.net](mailto:Crousec@lantic.net)

#### De Jager

[whdejager@gmail.com](mailto:whdejager@gmail.com)

Ek het die volledige De Jager-stamboom wat begin by Pieter Christiaan de Jager wat in 1696 die Kaap aangekom het. As enigiemand navrae het, kontak my gerus.

#### Heymann

[rheyman@ctec.co.za](mailto:rheyman@ctec.co.za)

Ek het 'n volledige stamboom van die afstammeling van Franz Johannes Gustav Heymann, geb. 1856.

#### Jansen van Nieuwenhuizen

[crousec@lantic.net](mailto:crousec@lantic.net)

#### Teeuwissen / Teeuwissen

[ruigje26@hotmail.com](mailto:ruigje26@hotmail.com)

## HASIES

- \* Wat noem jy 'n deurskynende hasie? Spasie!
- \* Wat noem jy 'n hasie in 'n pyp? Blokhasie
- \* Hasie in die tuimeldroër? Spinhasie
- \* Wat noem jy 'n hasie in die hospitaal? Operasie!
- \* en 'n hasie in die Spur? Inspirasie!
- \* en hasies wat paar? Vibrasie!
- \* Wat noem mens 'n hasie wat in die rondte draai? Spinhasie
- \* Wat noem mens 'n hasie met GPS? Navigasie
- \* Wat noem mens 'n rugby hasie? Paashasie
- \* 'n Hasie wat uitasem is? 'n Blasie



# AGTEROS

## Geesbevange

Deur **ANDRÉ DIPPENAAR**

**"Loop hang daar 'n wolk stof agter en bokant  
my innie pad soos daai wolk  
wattie Israeliete uit Egipteland uit loop  
staan en jaag het. "**

Oompie Doors, kerkmens wat hy was, was ook 'n man wattie werklikheid nie loop staan en misken hettie. Verkonning die ou lat as mens loop staan en stof raak het, beteken dittie lat stoffie kannie loop staan en boos rakie. Wassie ou vrekbang vir die onsienlike dinge.

Vertellie ou vir ons lat hy persoonlik destyds vir Klaas Geswind by 'n boeredag loop staan en ontmoet het. Vertel oorle Klaas glo vir hom daai storie van Skimmelperdpan sallie 'n resitasie loop staan en uitdraai het as daar darie tyd Afrikaanse koerante was nie. Ingilse hettie geweet hoe ommie storie virrie voorblad te loop staan en staanmaak nie.

En, swerie ou hoog en laag, daai heks van Endor wat hulle innie Groot Boek oor skryf, was verlans familie van pastoor Petoors vannie Apostoliekerk. Glo van sy vrou se kant af. Oor-oor grootjie of naastenby so verwant reken hy.

"Issie rede hoekom hulle jongste enetjie met die helmet loop staan en gebore is. Kannie klong mos gesigte sien. Loop en kwylpraat die mannetjie mos met drogbeelde assie maan lykit gaan loop staan en vol raak. Praat hy dinge amper soos 'n mens met 'n kraak innie kopnaat."

Hettie stomme pastoor als probeer om die helmet los te kry. Puur verniet. Kind met wywater uitie Jordaan besprinkel. Pater Rossini vannie Roomse kerk het kom wierook brand onner die stomme mannetjie se neus. Slams vannie Kaap af het met paljas en varkspek kom try. Niks gemakie. Pietertjie Petoors se helmet klou soos boomgom aan 'n vlegsel.

So, vertel oorle oompie Doors, is hy op 'n slag mettie fiets dorp toe. So loop raakit vir hom laat. Skemertyd draai hy die dikwiel Ralleigh se hênnels plaas se kant toe. Sak groenvoer wat hy by oorle oom Smittie Smidswinkel geloop staan en leen het agter oppie kêriër. Paar skeute te veel senuweeeder vannie hotel agterrie blad.

"Daai slag toe ek dorpuut loop staan en ry, in wie loop staan ek en vasry? Nogals byrie kerkhof se hek? Einste Pietertjie Helmet! Sittie kind voorie hek en gesels met niemand nie. Kliphard aan't gesprek voer. Loop staan en skrik ek amper 'n halwe waterglas senuweeeder uit myself uit."

"Roepie outjie jou wragtag vir my oppie naam. Kwyl hy iets wat amper klink soos 'n voorbode. Luister ekkie verderie. Volmaan beginne hoeka oor die rant te loer. Trap ek daai dikwiel se pêddels so elke derde trap skoon mis van oorhaastig staan en word. Loop hang daar 'n wolk stof agter en bokant my innie pad soos daai wolk wattie Israeliete uit Egipteland uit loop staan en jaag het. Benoud, ou swaer, benoud. Ruik ek kol-kol daai benoudeid al jaag ek wind op"

So moetiesie ou mos voorkant toe by 'n graf langsie pad ook gaan verbykom. Ingilse soldaat wat hier in 1902 aanie skerpkant van 'n Boeremauser met sy perd loop staan en inry het. Vertellie plaasmense mos lattie die stomme Ingilsmen nie sy lê kan kry nie. Loop en soek met volmaan nare anner klomp wat al lááncal huis toe is. Weet oompie Doors van hierie storie. Gee dit sy benoudeid nog 'n duidliker klankie.



"Ou swaer, en dis lat ek nader aan daai graf loop staan en ry, wat ek loop staan en oorval word mettie moeder van alle gesigsbegogelings. Loop en speel my verbelentheid later kaal hand met my parte. Kry ek 'n drukking oppie hart. Soos 'n jong bulletjie kry as jy sy sak vasvat net voorlat hy os loop staan en word."

Daai's 'n tweespoor sandpad waarlanges die ou so jaag. Plek-plek moetie ou nog afspring om hekke oop te maak. Tweede laaste hek reg by die Ingilsman se lêplek neffens die leidam. Konsertinahek. Daai hek mettie pap snare soos 'n weggooi viool. Bekslaner noemie ou mense hom. Maak vas met 'n dropper aan 'n stuk ketting. As 'n man hommie bekend en gewoonde issie, glip daai dropper bekhoogte met 'n moerse spoed los.

"En dis daai tyd wat ekkie Raleigh se stange byrie hek loop vastrek, lattie geesbevangendheid oor my toesak soos 'n bank mis oor Paternoster. Verbeel ek my hierse ding agter my. Kyk ek om. Sien ekkie Ingilsman se wit perd klipgooi ver agtermy. Sweef daai oorle perd so twee voet bokant die grond innie pad hier agter my. Niks bene nie. Sweef. Doeksaf in die sandpad. Maak ekkie hek se dropper omkyk-omkyk los."

"Loop rakie wêreld te wyd vir al my konsentrasies. Glippie dropper uitie bloudraad ring uit. Bekhoogte. Gelukkig kyk ek daai tyd om virrie perd. Vangie dropper my bekhoogte teenie agterkop. Slaa hy my uit nog twee waterglase weerbaarheid uit. Kommie perd nogsteeds aangesweef. Los ekkie hek net so oop. Vattie bicyde sommer self pad. Hol ek 'n ent agter daai bicycle aan. Klim ek hom sommer van agteraf op. Loop staan en jaag ek lat ek eintlik die warmte vannie tyres kan ruik Kol-kol sukkel ek ommie ruik van tyres en benoudgeid te onnerskei. Bly die perd sweef-sweef by."

"Loop staan en haal Pietertjie Helmet se voorbode my kort deuskantie laaste hek byrie plaaswerf in. Loop vang die bicycle se kettang mos my broekspyp. Wennie pyp op. Trap ek myself ytie broek yt lat toe ek innie plaashek loop staan en vasjaag, ek net in my onnerbroek en baadjiepante annerkantie hek loop grondvat. Hol ek hystoe. Kossit vir oorle ma my 'n lampetbeker vol suikerwater ingee voorlat ekkie storie kan uitkry."

Vertel oompie Doors vat oupa Hennerik 'n lantern en stap hulle twee hek toe ommie spookperd te gaan seek.

"Toe ons daai hek voetjie-vir-voetjie benader, staan en sweef daai perd wragtig nog so twee voet bokantie grond en vreet die groenvoer wat mettie slag vannie bicycle afgeval het. Staen en klop my en oorle Oupa se harte soos basdromme innie Salvation Army se slagorkes"

"Is toe oorle Oupa loop staan en sê, 'Ingilse bese gees, watvoor loop staan en rus jy nie', lat ons sien is toe allietyd 'n vleis-en-bloed perd. Buurman se ou wit pensioenmerrie. Laken, wassie ding se naam. Stokoud en half kens. Van haar knieë af onnertoe pikswart vannie leidammodder. Moes agterie voer se ruik aan gehol het. Pêre vreet en ruik mossie benoudgeid nie."

Toe't ons twee nou die vlientergat Raleigh staan en plaas toe dra, mompel oorle oupa Hennerik, "Is oorlat jou asem die ene blêrrie spook stink wat jy lyk soos wat jy lyk."

**Die volgende KAMMANUUS verskyn  
op 12 Januarie 2009**

**Geseënde Kersfees en voorspoed vir die Nuwe Jaar**